

Jy as ouer het 'n direkte invloed op jou kind se intimiteit met die Here

Dink hieroor na: Wie van jou ma of jou pa het die grootste invloed op jou verhouding met die Here gehad? Positiewe of Negatief

Omdat dit vanoggend doop is, het ek gevoel dat ek vanoggend se boodskap 'n bietjie op ouers en ouer mense wil fokus. Want, of jy nou die pa of ma van kinders is of nie, almal van ons se optrede het 'n direkte invloed op enige iemand wat jonger as jy is. Selfs al is jy nog 'n kind, jou lewe het 'n invloed op die kinders wat jonger as jy is. Dit is mos so dat op skool jy altyd opkyk na die kinders wat ouer as jy is. Net so kyk enige kind wat jonger as jy is op na jou en doen hulle wat jy doen. Jonger kinders doen altyd hulle ouboet of ousus na.

Die boodskap is op die ou end vir elkeen van ons belangrik, want wat ek vanoggend wil probeer tuis bring is dat die keuses wat ons maak, dat ons optrede, altyd 'n wyer effek het as net op onself. Dit geld veral ook almal van ons wat ouers is. Ek wil julle deur die Bybel neem deur na 'n paar verhale in die Bybel te kyk en spesifiek te kyk na wat die gevolge was van mense se besluite.

Ek wil veral die ouers vra om mooi te luister en jouself as ouer die vraag te vra, wat kan ek as ouer, en wat kan ons saam as ouers doen, om seker te maak dat ons kinders eendag lief vir die Here gaan wees? Ons optrede en keuses het 'n direkte impak op die intimiteit wat ons kinders met die Here gaan hê.

Daar is vir my verskeie ontstellende gedeeltes in die Bybel.

Rigters 2:6-14 So lank as Josua geleef het, het die volk die Here gedien. Dit was ook nog so terwyl die leiers geleef het wat vir Josua oorleef het. Hulle het nog al die groot dae beleef wat die Here gedoen het om vir Israel te help..... Hy het gesterf, ... Al die mense van sy leeftyd het gesterf, en die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van sy groot dae wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie.

Terwyl Josua en sy geslag geleef het, het die volk die Here gedien, maar toe hulle gesterf het, het die volgende geslag nie meer die Here gedien nie. Hoe gebeur dit dat binne een generasie die volk nie meer vir die Here geken het en nie van sy groot dae gehoor het nie?

Nou wil ek vir julle vra: Hoekom dink julle het dit gebeur dat die volgende generasie nie die groot dae van die Here geken het nie? Hoe gebeur dit dat jou kinders nie die stories van God in die Bybel ken nie?

In 1 Samuel lees ons dat daar 'n priester Eli was, maar hy het nie sy seuns grootgemaak in die vrees van die Here nie. 1 Samuel 2:22 **Eli was al baie oud. En wanneer hy alles hoor wat sy seuns aan al die Israëliete doen en dat hulle by die vrouens slaap wat diens doen by die ingang van die tent van ontmoeting....**

Hoe gebeur dit dat 'n man van God se kinders nie die Here dien of vrees nie? Dan kom hierdie verskriklike uitspraak van die Here se oordeel oor Eli in 1 Samuel 2: vers 30-33 **“Daarom lewer**

die Here die God van Israel uitspraak: Ek het nadruklik gesê: Jou huis en jou nageslag sal My altyd in die tempel dien. “Maar nou sê Ek, die Here: Dit sal nie gebeur nie, want die een wat My eer, sal Ek eer, en die een wat My minag, sal Ek minag. 31Daar kom 'n tyd dat Ek die priesterskap van jou en jou familie af sal wegvat, en in jou familie sal niemand oud word nie. 32Jy sal in nood na my woonplek staan en kyk tussen al die weldade wat Ek aan Israel sal bewys. In jou familie sal niemand ooit oud word nie.

Die oordeel van die Here word eintlik nog erger. Hoor wat lees ons in 1 Sam 3: 11-14 **11Die Here sê toe vir Samuel: “Ek gaan 'n ding in Israel doen wat elkeen wat daarvan hoor, se twee ore sal laat tuit. 12Op daardie dag sal Ek vir Eli alles voltrek wat Ek oor sy familie aangekondig het, van begin tot end. 13Ek het aan hom bekend gemaak dat Ek sy familie vir altyd gaan straf oor die ongeregtigheid waarvan hy geweet het. Ja, toe sy seuns die vloek oor hulle gebring het, het hy hulle nie bestraf nie. 14Daarom bevestig Ek met 'n eed aangaande die familie van Eli: die ongeregtigheid van Eli se familie sal sekerlik nooit deur diereoffer of graanoffer versoen word nie.”** Omdat Eli nie sy kinders gedissiplineer het nie en hulle nie respek vir God geleer het nie en hulle bo die eer van die Here geplaas het, kom hierdie oordeel oor hom en sy hele nageslag. Geen offer sal nou meer vir hulle geoffer kan word om hulle sondes weg te neem nie.

Dan word Samuel profeet in Israel. Ewe skielik is daar weer hoop vir die volk Israel. Oor hom lees ons in 1 Sam 3:19 **Samuel het grootgeword. Die Here was by hom en het nie een van Samuel se woorde onvervul gelaat nie.** Nou is daar 'n profeet wat naby aan die Here woon en 'n goeie profeet is. Maar dan lees ons aan die einde van sy lewe weer 'n baie tragiese verhaal. 'n Verhaal wat 'n mens eintlik sprakeloos laat en jou laat wonder, hoe gebeur dit dat iemand soos Samuel nie sy kinders met die vrees vir die Here grootgemaak het nie.

1 Sam 8:1-3 Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns as leiers oor Israel aangestel. Die oudste se naam was Joël en dié van die tweede Abia. Hulle was leiers in Berseba. Maar Samuel se seuns was nie soos hy nie: hulle het hulle verryk ten koste van ander, het omkoopgeskenke aangeneem en die regspraak verdraai.

Weer gebeur dit dat 'n groot man van God dit nie regkry om geloof in sy eie kinders se lewens oor te dra nie. Weer wil ek die vraag vra: Hoe gebeur dit? Ek dink dit gebeur wanneer ouers nie by hulle kinders 'n liefde vir God kweek nie. Ek dink dit gebeur wanneer ouers nie vir kinders die stories vertel van wie God is en hoe Hy by ons lewens betrokke is nie. Ek dink dit gebeur wanneer ouers nie by hulle kinders 'n vrees en respek vir die Here kweek nie. Ook wanneer kinders beleef dat hulle ouers se geloof nie 'n deurleefde geloof is nie.

Ek wil julle wat vanoggend gedoop het en elke ander ouer wat al kinders gedoop het oproep, as ons nie moeite gaan doen met ons kinders en hulle gaan help en bemoedig op hulle reis saam met die Here nie, dan kan ons, as ouers, die rede wees hoekom daar dalk nie 'n volgende geslag gaan wees wat die Here ken en vrees nie. Almal van ons is deur die Here geroep om dissipels

van Jesus te wees en om dissipels vir Hom te maak. As gelowige ouers, is die minste wat ons moet doen om ons kinders te dissipel, sodat hulle ook weer hulle kinders kan dissipel.

By The World Needs a Father spandeer ons baie tyd tydens die opleiding om te praat oor die belangrikheid van morele outoriteit. In kort kom dit neer op “walk the talk.” Dis ’n baie belangrike element in die dissipel van ons eie kinders. Een van die grootste bepalende faktore of jou kinders lief vir die Here gaan wees of nie, is jou as ouer se liefde vir die Here, of jou gebrek aan liefde vir die Here. Wanneer kinders sien my pa of ma sê hulle is gelowiges, maar jy sien dit nie in hulle lewe nie, dan raak kinders rebels en opstandig.

Maar wanneer kinders by jou as ouers ’n opregte liefde en toewyding vir die Here sien, wanneer hulle die egtheid van jou geloof beleef en jy boonop jou storie saam met God deel, sal hulle in jou voetspore volg. Veral as jy hulle dissipel deur jou geloofstories met hulle te deel en die Bybel se geloofstories met hulle deel en hulle lief maak vir die Bybel.

Later kry ons vir Dawid, ons lees in Handeling 13: 22 die volgende: **Van hom het God gesê: ‘Ek het in Dawid seun van Isai ’n man na my hart gevind. Hy sal al my opdragte uitvoer.’** Selfs al getuig die NT dat Dawid ’n man na God se hart was, het Dawid se verkeerde besluite as pa oneindige ellende tot gevolg vir sy nageslag. Wanneer Dawid owerspel met Batseba pleeg en boonop haar man laat doodmaak, dan spreek Natan Dawid se straf oor hom uit in 2 Samuel 12:10-13 -

“Daarom sal die swaard nou nooit meer uit jou huis weggaan nie, want jy het My geminag toe jy Urija die Hetiet se vrou vir jou gevat het. “So sê die Here: Van nou af gaan Ek uit jou eie huis ellende oor jou bring. Ek sal jou vrouens voor jou oë vat en aan iemand anders gee. Hy sal by jou vrouens slaap oop en bloot, want jy het ’n ding in die geheim gedoen, maar Ek sal alles oop en bloot voor die hele Israel doen.”

Dawid val dadelik in sy skuld en bely sy sonde. Hy sê: “Ek het gesondig teen die Here.” Hierop antwoord Natan toe dat sy sonde vergewe is en dat hy wat Dawid is nie sal sterf nie, maar **omdat hy met sy sonde die vyande van God aanleiding gegee het om teen God te laster**, sal sy kind sterf.

Dawid se sonde word vergewe, maar die gevolg van die sonde word nie weggeneem nie. Die Babatjie wat hy by Batseba verwek het sterf. Dawid se een seun, Amnon, raak verlief op sy halfsuster, Tamar. Hy verkrag haar en wil dan niks meer met haar te doen hê nie. Tamar se broer, Absalom, wreek haar verkragting deur Amnon dood te maak en uiteindelik probeer Absalom Dawid se koningskap van hom afneem en word hy deur Joab doodgemaak.

Vriende, die besluite wat ons neem het altyd ’n baie wyer effek as wat ons ooit daarvoor dink. My en jou verkeerde, sondige besluite, raak ander mense en veral ons kinders. Aan die ander kant, as ons dinge doen volgens die riglyn van God se Woord, dan het dit weer ’n positiewe effek wat baie wyer as net onself is.

Later in Dawid se lewe maak hy weer 'n besluit wat 'n baie wye gevolg vir duisende mense gehad het. Hy laat Israel en Juda se weerbare manne tel. Dit was sonde in die oë van die Here en die Here gee vir Dawid die keuse om tussen 3 soorte straf te kies. 7 jaar hongersnood vir die land, of hy moet drie maande vir sy teenstanders vlug, of drie dae van pes. Dawid kies die 3 dae van pes en 70 000 man sterf.

Sien jy wat ek bedoel? Veral as jy in een of ander vorm van leierskap staan het jou besluite 'n effek op baie mense. Daarom kan ek en jy nie ligtelik omgaan met sonde nie, want die gevolg en effek van ons sondes bly nie net by myself nie.

Ek weet nie van jou nie, maar hierdie verhale in die Bybel maak dat my vrees vir die Here die afgelope tyd baie groter geword het. Ek wil nie die oorsaak wees dat my verkeerde besluite, dade, of optrede, ander mense en veral my kinders se lewens nadelig beïnvloed nie. Ek dink die meeste van ons het al reeds drooggemaak en dit het al reeds op ons kinders, of op ander mense 'n negatiewe effek gehad.

Al wat ons daaraan kan doen is om dadelik in ons skuld te val as ons van so iets in ons lewens bewus word. Moenie jouself verdedig of regverdig nie. Dawid se behoud was dat hy telkens wanneer hy droog gemaak het, dadelik sy skuld erken het en bely het, en aan die einde van sy lewe getuig die Bybel dat hy 'n man na God se hart was.

So wat verwag die Here van ons as ouers en wat moet ons rol in ons kinders se lewens wees? Wanneer julle vanoggend die doop belofte afgelê het, het julle beloof dat julle julle kinders groot gaan maak in die vrees van die Here. Jy kan jou kind net leer wat jy self weet en ervaar het. Jy het dus beloof dat jy erns sal maak met jou intimiteit met die Here, sodat jy eerlik, uit eie ervaring, jou geloofstories met jou kinders kan deel.

'n Gedeelte soos Psalm 78 gee vir ons die raad wat ons nodig het: **Luister na wat ek jou leer, my volk, luister aandagtig na wat ek sê. 2Ek gaan 'n gedig voordra, ek gaan julle inlei in geheimenisse uit die verre verlede. 3Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, 4sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het. 5Hy het aan Jakob sy voorskrifte gegee, aan Israel sy onderwysing. Hy het ons voorvaders beveel om dit aan hulle kinders bekend te maak, 6sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan hulle kinders kan vertel. 7So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het ...**

Moses het in sy afskeidspreek aan die Israëliete vir hulle die opdrag gegee om seker te maak dat hulle kinders die stories van God se grootheid en almag sal ken. As jy die storie van hierdie Boek aan jou kinders leer en hulle jou liefde vir die Boek sien en beleef, sal hulle die God van hierdie storie ken.

As jy vanoggend bang geword het, dan wil ek vir jou sê dat dit 'n goeie bang is. Dis wat vrees vir die Here beteken. Dit kweek by ons 'n heilige eerbied en respek vir die Here. Dit veroorsaak dat ons twee keer dink voordat ons 'n verkeerde koers wil inslaan of 'n verkeerde besluit wil neem. Want jy begin al hoe meer besef dat die gevolge van ons verkeerde keuse en sonde meer mense as net jouself raak en veral dat dit 'n baie negatiewe effek op jou hele nageslag kan hê.

Die keuses wat elkeen van ons maak se gevolge het altyd 'n wyer effek as net op my eie lewe. As jy by die skool reg optree, dan sal die jonger kinders ook reg optree. As jy verkeerd optree, dan dink die jonger kinders, dis hoe mens moet optree en dan volg hulle jou verkeerde gedrag.

As ouers moet ons weet, my keuses, my manier van leef het 'n effek op my kinders. As ouers moet ons weet ons gaan, of ons kinders se intimiteit met die Here verhoog deur ons optredes, of ons gaan by ons kinders 'n weersin teenoor God en godsdiens kweek as ons nie ons geloof daaglik uitleef tot eer van die Here nie.

Miskien wonder jy vanoggend oor alles wat jy dalk reeds verkeerd gedoen het. Miskien is jy beangs oor die gevolge wat jy dalk reeds oor jou kinders gebring het. Dit was juis koning Dawid wat Psalm 51 geskryf het. Hy skryf daar in vers 19b: **U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.**

Wanneer Dawid vir Salomo as sy opvolger aanwys dan sê Dawid voor die Hele volk vir Salomo in 1 Kronieke 28:9 - **En jy, Salomo, my seun, jy moet die God van jou vader ken en Hom dien met jou hele hart en met 'n gewillige gemoed, want die Here ondersoek alle harte en ken die bedoeling van elke gedagte. As jy na Hom vra, sal Hy Hom deur jou laat vind, maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verwerp.**

Waarna soek die Here in ons? Mense wat Hom met hulle hele hart en met 'n gewillige gemoed dien. Mag ook ons as ouers, elkeen van julle wat weet daar is ander kinders wat jou dophou en doen wat jy doen, mag ons elkeen met ons hele hart en met 'n gewillige gemoed die Here dien en ons kinders die wee van die Here leer. En mag ons nooit vergeet dat ons besluite en optredes altyd 'n baie wyer effek hê as net onself nie.

Mag ons dit regkry as ouers om ons liefde vir die Here aan ons kinders oor te dra. Natuurlik weet ons vandag ons hoef dit nooit in eie krag te doen nie. Danksy ons geloof in Jesus Christus is sy Gees in ons en help die Heilige Gees ons om tot eer van God te leef. Tog is dit belangrik dat elkeen van ons intensioneel moet wees om by ons kinders liefde vir die Here en vir sy Woord by hulle te kweek.